Improving palliative care for the world's children

DIE ICPCN-HANDVES VAN REGTE VIR KINDERS MET 'N BEPERKTE LEWENSVERWAGTING ASOOK KINDERS WIE SE LEWENS IN GEVAAR IS

www.icpcn.org

1. Elke kind behoort geïndividualiseerde, kultureel- en ouderdomstoepaslike palliatiewe sorg te verwag soos omskryf word deur die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO)1. Die spesifieke behoeftes van adolessente en jongmense sal aangespreek word en daar sal vir hierdie spesifieke behoeftes beplan word.
2. Palliatiewe sorg vir die kind en gesin sal begin ten tye van die diagnose en sal voortgaan naas enige genesende behandelings regdeur die kind se siekte, tydens sy of haar dood en gedurende die tydperk van verlies wat daarop volg. Die doel van palliatiewe sorg sal wees om lyding te verlig en lewenskwaliteit te bevorder.
3. Die kind se ouers of wettige voogde sal as die primêre versorgers erken word en hulle sal gesien word as volle vennote in alle sorg en besluite wat hul kind raak.
4. Elke kind sal aangemoedig word om deel te neem aan die besluitnemingsproses wat sy of haar versorging raak, volgens ouderdom en begripsvermoë.
5. 'n Sensitiewe maar eerlike benadering sal die basis vorm van alle kommunikasie met die kind en sy of haar gesin. Hulle sal met waardigheid hanteer word en privaatheid gegun word, ongeag hul fisiese of intellektuele vermoëns.
6. Elke kind of jongmens sal toegang hê tot onderwys en, sover moontlik, die geleentheid gebied word om te speel, toegang te hê tot vryetydbestedingsgeleenthede, sosiale kontak hê met broers, susters en vriende, en deelneem aan normale jeugaktiwiteite.
7. Die kind en sy of haar gesin sal die geleentheid kry om 'n pediatriese spesialis te raadpleeg wat, sover moontlik, besondere kennis dra van die kind se mediese toestand, en sal onder die sorg van 'n pediater of 'n doktor met pediatriese kennis en ervaring bly.
8. Die kind en sy of haar gesin sal geregtig wees op 'n toeganklike sleutelwerker wat by name aan hulle bekend is. Die doel van hierdie sleutelwerker is om toepaslike ondersteuningstelsels te bou, te koördineer en in stand te hou, en behoort 'n multidissiplinêre sorg-span en toepaslike hulpbronne uit die gemeenskap in te sluit.
9. Die kind se ouerhuis sal die middelpunt van versorging bly sover as moontlik. Behandeling buite die ouerhuis sal geskied in 'n kind-gesentreerde omgewing deur personeel en vrywilligers wat opgelei is in die palliatiewe sorg van kinders.
10. Elke kind en gesinslid, insluitende broers en susters, sal kultureel toepaslike, kliniese, emosionele, psigososiale en geestelike ondersteuning ontvang om hul besondere behoeftes aan te spreek. Ondersteuning na die kind se afsterwe sal vir sy of haar gesin beskikbaar wees vir solank as wat dit nodig mag wees.

Aangepas uit die ACT-Handves
Oktober 2008

[i]"Palliatiewe sorg vir kinders is die aktiewe, omvattende sorg van die kind se liggaam, siel en verstand, en sluit ook die versorging van die gesin in. Dit neem 'n aanvang wanneer die siekte gediagnoseer word en gaan voort, ongeag daarvan of die kind behandeling ontvang wat gemik is op die siekte. Gesondheidsversorgers moet die kind se fisiese, sielkundige en sosiale nood evalueer en verlig. Effektiewe palliatiewe sorg vereis 'n breë multidissiplinêre aanslag wat die gesin insluit en gebruik maak van beskikbare hulpbronne in die gemeenskap; dit kan met groot sukses geïmplementeer word, selfs al is hierdie hulpbronne beperk. Dit kan voorsien word in tersiêre sorg-fasiliteite, in gemeenskaps-gesondheidsentrums, asook in kinders se ouerhuise."
(Wêreldgesondheidsorganisasie 2002)

ICPCN is a registered charity in England & Wales (number 1143712) and a registered company in England & Wales (number 7675172)